



# WINDHOEK HOëRSKOOL

1974

Reünie 2014



# NUUSBRIEF 6

Mei 2013

S T A A L T J I E S

STAALTJIES

**JOHANNA LESSING GOLDEN**

Dit was die eerste dag van die nuwe skooljaar, 1970. Ek sou st 6 begin en Louis st 7. Ons het albei fietse gehad waarmee ons skool toe moes ry.

Ek het 'n groot nuwe tas gekry vir die hoërskool om al die BAIE boeke in te sit wat ons dan kwansuis sou kry. Dit was Louis se storie en ek het dit vas geglo. Ek het splinternuwe skoene, sokkies, rok, ag sommer als nuut vir die nuwe skool. En baie senuweeagtig natuurlik vir die DOOP wat voorlê.

Ons roete was Maritzstraat, dan Bergstraat, dan Gobabisweg oor die bult, dan by die skool se hoofhek in, en het dan ons fietse parkeer by die fietsloods naby die gimsaal.

Daar trek ons weg, haastig, vol energie vir wat voorlê. Eers ry Louis voor, dan weer ek, ons jaag eintlik resies, om te wys hoe fiks ons is. Op 'n stadium is ek voor, en Louis wil by my verbygaan, en sy voorwiel stamp teen my agterwiel, en slaat die fiets onder my uit. Daar slaat ek neer, dis net tas, fiets en Johanna wat trek oor die teer.

Toe ek tot stilstand kom, sien ek eerste die twee knieë: albei flenters geskuur op die growwe teerstraat, twee yslike rou bloederige knieë. En albei my handpalms is vol skrape, stukkend, maar nie so vreeslik soos die knieë nie. En my splinternuwe skoolrok is met bloed bemors. Ons kon nie huis toe gaan nie, dis te laat, ons moes aanhou skool toe. En daar sit ek in die bondel, tussen al die ander standerd sesse, en wag dat ons name uitgelees word om in registerklasse ingedeel te word. En my wonde PYN, en die rowe word styf, en ek kan nie loop nie, ek voel later ek het die kouekoors van pyn. Tot een van die prefekte (bless her soul) my raaksien en my dadelik wegneem na die "verpleegjuffrou", en toe word die knieë verbind.

Vir 'n skaam st 6-meisiekind was al die aandag 'n nagmerrie, al die goeie, en die nie-so-goeie aandag. Ek wou dood van skaamte.

<u>**Maar ek het 'n paar dinge geleer op daardie dag:**</u>

*** Fietsry is baie lekker, moet net nie saam met jou broer ry nie. Laat hy maar altyd voor ry, en ook sommer wegry, jy weet waar die skool is.**

*** Juffrou wat die pleisters en salf het is in my oë sommer my tweede ma.**

*** Ons het nooit eers sulke groot tasse nodig gehad nie, 'n doodgewone middelslag leertas met afskortings was ideaal vir al jou boeke.**

*** Fietsry gee jou mooi kuite!**

S T A A L T J I E S

STAALTJIES

**MARIUS STEYL VAN NIEKERK (Marlene se man) (1)**

Ek onthou **mnr Boel Dreyer** het altyd 'n paar eienaardighede gehad wat ons seuns groot vermaak kon verskaf. Natuurlik sonder sy medewete. So sou hy met praat en beduie die teenoorgestelde doen. Hy wys na drie seuns in die eetsaal en wys dan met sy ses vingers in die lug en sê **"Sal julle drie by my kantoor gaan wag vir elkeen ses houe".** Wanneer hy dan ses houe sê, wys hy net drie vingers in die lug.

**EDDIE SCOTT (1)**

Ek dink regtig om een of ander rede was ek Miss Meyer se witbroodjie. Sy het altyd gesê almal wat minder as Eddie het vir 'n toets, het nie geleer nie. Sy het my altyd **"Eddie my darling"** genoem. Soos julle weet, was ek maar teruggetrokke en dit het my baie skaam laat kry. Anders as om my te laat sleg voel soos sy met die ander seuns gedoen het, het ek ook heelwat rooi soentjies gekry.

**EDDIE SCOTT (2)**

So het ek onderwys geswot en in 1982 in Mariental begin skoolhou. Ek was omtrent net 'n week daar en as beginner-onderwyser ook maar teruggetrokke en op my plek. Een oggend in die personeelkamer kon ek my oë nie glo nie toe Miss Meyer (toe Engelse vakinspekteur) by die personeelkamer instap, reguit na my toe met die woorde **"Eddie my darling, how are you"** en 'n klapsoen op die wang .

Nodeloos om te sê kon die ander personeel nie verstaan wat gaan aan nie en ek is vir lank daarna gespot oor die insident.

**ANDRE LOUW**

Die foto van Nico Grobbelaar in die vorige nuusbrief het my laat onthou dat ek hom 'n groot dankie verskuldig is.
In st 9 het ons by Frau Bischoff Duits gehad bo in die ou gebou. Dit was nogal vir my 'n soort krisis omdat sy heeltyd net Duits gepraat het (st 6-8 is Duits in Afrikaans vir ons verduidelik, in elk geval in die klas waarvan ek deel was). (Ek wonder wat van mnr Espach geword het?).

## Nico het my toe tog 'n bietjie gehelp...



**...ná 'n week of wat in st 9 het ek ten minste al geweet wat "H o l e d a s S t r a f b u c h, b i t t e !" beteken.**



STAALTJIES

**MARIUS STEYL VAN NIEKERK** (Marlene se man) **(2) – met illustrasies…**


Ons het groot slaapsale gehad in die ou koshuis en ek en Frikkie Engels wat toe in st 8 was, moes by die st 6'e (julle groep) slaap vir toesig. Een van die st 6'e het toe die spieël wat teen die muur by die deur gehang het per ongeluk stukkend gegooi. Met inspeksie het oom Boel met sy rottang, en Sonja sy skaap**hond**, die kamer ingekom en dadelik gevra wie die spieël gebreek het. Nodeloos om te sê die maat moes buk vir drie houe. Die volgende oggend het oom Boel dit herhaal en weer die st 6 mater drie houe geslaan. Ek en Frikkie het nou besef dat dit so gaan aanhou en die spieël agter die deur gehang. Die derde oggend het hy weer gevra "Wie het daai sp……." en toe hy nie die spieël sien nie vra hy "Waar's daai donnerse spieël?" Nogmaals moes mater buk vir drie houe. Nou was die gort gaar en die boodskap baie duidelik. Om mater se lewe te red moes ons almal inklub en 'n nuwe spieël koop


**NEELS COETZEE**

Ek sit en kyk vir my hande terwyl ek so tik. Ek weet nie of jy kan onthou nie - ons het eksperimente (ek dink) in Biologie gedoen oor proteïne. Op 'n dag moes ons seuns die geweerkluis skuif in skooltyd wat in 'n kamer onder die trappe naby die snoepie was. As ek reg kan onthou was ons so agt gewees wat die ding moes dra. Ons het koevoete of ysterpale onder die kluis deurgeskuif en twee-twee aan 'n kant gedra. Ek was links voor en die kluis het gegly. My regtermiddelvinger is toe tussen die paal en die sementvloer vergruis en daar moes 'n stuk afgesit word. In ieder geval, tydens die eksperimente was dit oor die proteïne wat in die vel voorkom. Ek dink dit was mnr Gous of Jan Brand wat my van die velle laat afhaal het sodat hy die punt van die proteïne in die vel kon bewys. Helaas, ek sit nog steeds met die vinger wat misvorm is. Dit was ook die einde van my klavierspeelloopbaan op daardie tyd. Ek en Diederik Opperman het saam baie klavier geoefen - hy was nogal uitmuntend daarmee.

Onderwysers!!!! Ook maar gevoelloos.




STAALTJIES

**GERT KRUGER**

Frau Bischoff was alombekend in WHS dat sy nie nonsens vat in haar Duitse klasse nie. Daarom was baie, of moet ek se feitlik almal, maar baie skrikkerig vir haar. Wat sy egter nie geweet het nie, is dat daar in die skool so 'n swartkop laaitie was wat ook nie nonsens gevat het om droog te maak nie. Ek glo nie die onderwysers in die laer standerds het haar enigsins bedag gemaak op die mannetjie nie. Dit is waarskynlik daaraan toe te skryf dat hulle seker deur die bank geglo het die mannetjie sou nooit by Standerd 9, wat nog te sê van Matriek, uitgekom het nie.


Aanvanlik het dit redelik gegaan tussen haar en die mannetjie in die klas, tot daardie dag wat hy weer nie kon stilsit nie.

**"Andre, du bist so unartig"**,

klap haar tong. Andre Koorts, al wiegend op die agterpote van sy stoel, is ook nie links nie en laat waai terug met

**"Frau Bischoff, du bist so wreedartig"**

Nodeloos om te sê Andre het die wind uit haar seile geneem soos net hy kon.




Andrè, das sieht aus wie das geholte Strafbuch…

# Kaap mini-reünie 16 Maart 2013



Marianne Rossouw, Alice Hugo, Johanna Lessing, Rossouw Lubbe en Erik Kuhn












Este Lubbe, Laurette Coetzee Visser, Marita Kerkstra, Rikus Burger, Graham en Magda Lomas, Izak Smit, Erik Kuhn, Alice Hugo,Swanepoel en Marianne Rossouw Meyer






I HATE the
'n Goeie pa
skree nie
vir die
Bulle nie!!





Neil Armstrong
Louis Armstrong
Lance Armstrong








**Teacher**: Bongani, why are you late?

**Bongani**: Because of the sign, Sir

**Teacher**: What sign?

**Bongani**: The sign that says *'go slow, school ahead'*















"Could I have some computer time to troubleshoot this problem?"




"It's the alphabet in 3-D."




"What do you expect from a child being raised in a paperless society?"





"I'd like a job as a job creator so I can create an easy, high paying job for myself."



*"If it's OK to copy from the Internet, it must be OK to copy from my friend's test, right?"*



"My teacher said I don't pay enough attention in class. At least, that's what I think she said."




"DO WE NEED THIS EVEN IF WE'RE NOT PLANNING TO GO TO COLLEGE?"




## E-POSADRES

Enige inligting tot julle beskikking oor WHS, onderwysers, leerlinge, staaltjies ens sal waardeer word.

Stuur asseblief vir marianav@provectus.co.za

## LIEDJIES

| | |
|---|---|
| All the Tears in the World | Dave Mills |
| Cecilia | Simon and Garfunkel |
| I think I love you | Partridge Family |
| I Hear You Knocking | Dave Edmund |
| Band of Gold | Freda Payne |
| Can't Keep It In | Cat Stevens |
| Burning Bridges | Mike Curb Congregation |
| Funny Face | Barbara Ray |
| Cracklin' Rosie | Neil Diamond |
| Come what May | Vicky Leandros |

## OORLEDENES

| | |
|---|---|
| 10A | Gerda Wessels, Mathilda Oosthuizen |
| 10B | Diederik Opperman |
| 10C | Susan Schrader |
| 10F | Estelle van der Walt |
| 10F | Gideon Obbes |
| 10F | Madele Venter |
| 10C | Piet Taljaard |
| 10B | Manfred Binding |
| 10E | Elke Bender |

